



Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

**GRAAD 12 LEERDER
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING AND REMEDIËRENDE ONDERRIG
INSTRUMENT:
VRAE EN ANTWOORDE**

VAK: AFRIKAANS HUISTAAL – EERSTE VRAESTEL

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 13 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
AFDELING A: Leesbegrip (VRAAG 1)
AFDELING B: Opsomming (VRAAG 2)
AFDELING C: Taal (VRAAG 3)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die instruksies by AL die vrae aandagtig deur.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.
7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
8. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart inks.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL, TYDSKRIFARTIKEL EN ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

TEKS 1**Geniet gerus drie koppies koffie per dag**

1. Die meeste mense geniet daagliks 'n koppie koffie vir die sensoriese genot daarvan. Jaarliks word 400 miljard koppies koffie gedrink. Saam met tee, sjokolade en tabak word dit as een van die lewe se luukshede beskou. Dit is nie verbasend dat koffie ná petroleum die wêreld se grootste kommoditeit is nie.
2. Koffie is aanvanklik gepromoveer vir die medisinale voordele wat dit inhou. Dit is beskou as die panasee van alle medisyne en kon 'n mens laat slaap óf wakker hou, kalmeer óf stimuleer. Koffie was 'n wonderkuur wat die effek van alkohol kon omkeer en was bekend as "The Great Soberer".
3. Koffie is 'n baie komplekse stof, en 'n verskeidenheid van chemiese stowwe is verantwoordelik vir die kenmerkende aroma en smaak.
4. Een van die bestanddele, kafeïen, is 'n bekende stimulant van die sentrale senuweestelsel.
5. Oormatige inname van kafeïen lei tot angstigheid, bewing en slapeloosheid, terwyl langdurige blootstelling selfs toleransie en afhanklikheid kan veroorsaak.
6. Strawwe koffiedrinkers kan gewoonlik nie hul dag begin voordat hulle 'n sterk koppie koffie gedrink het nie.
7. Koffie verlig nie net die onttrekking van kafeïen gedurende die nag nie, maar ook die hoofpyn wat daarmee gepaard gaan, aangesien kafeïen bloedvate in die brein vernou.
8. 'n Koppie koffie bevat ongeveer 115 mg kafeïen. Alhoewel tee meer kafeïen per gewig bevat, is slegs 60 mg kafeïen per koppie tee aanwesig omdat minder nodig is om dit te berei.
9. Drie koppies koffie per dag behoort geen nadelige effekte in gesonde persone te veroorsaak nie. 'n Uitsondering is die laaste trimester van swangerskap, wanneer kafeïen drie keer stadiger gemetaboliseer word.
10. Daar word beweer dat die Franse skrywer Honoré de Balzac (1799 – 1850) weens oormatige koffie-inname gesterf het. Tydens sy legendariese skryf-maratons het hy glo meer as 50 koppies koffie per dag gedrink.
11. Die ritueel met die maak van 'n espresso kan vergelyk word met die oopmaak van 'n ou bottel rooiwijn met 'n duur etiket. Alhoewel geen reële waarde daaraan gekoppel kan word nie, is die bydrae wat dit tot lewensgehalte lewer, onmeetbaar.

[Aangepas en verwerk uit: *Die Burger*, 25 Oktober 2008]

- 1.1 Haal 'n woordgroep van TWEE woorde uit paragraaf 1 aan wat aandui dat die skrywer deeglik bewus is waarom koffie so gewild is. (2)
- 1.2 Watter impak het die aanwending van alliterasie in "die lewe se luukshede" (paragraaf 1) om die sin te verstaan? Antwoord in 'n volsin. (1)
- 1.3 Waarom, dink jy, het koffie destyds so 'n opgang gemaak? Antwoord in 'n volsin in jou eie woorde. (1)
- 1.4 " 'n wonderkuur wat die effek van alkohol kon omkeer" (paragraaf 2). Verklaar die aanhaling in 'n volsin in jou eie woorde. (1)

- 1.5 Wat maak van koffie 'n gewoontevormende drankie? (1)
- 1.6 Noem 'n newe-effek van kafeïen. (1)
- 1.7 "die laaste trimester van swangerskap". Wat beteken trimester in hierdie konteks? (1)
- 1.8 Hoeveel mg kafeïen is toelaatbaar per dag? (1)
- 1.9 Stem jy saam dat koffie 'n rol in jou lewensgehalte speel? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

TEKS 2

debat!



dit voel asof die lewe eers ná matriek begin – die moontlikhede is eindeloos! Wil jy dadelik die grootmenslewe aanvat, of eers 'n gap-jaar vat?

GESELS
www.finessemeisie.co.za

die SWERWER
Francette

Ek is baie lief vir kuns, maar het glad nie geweet wat ek wil gaan swot nie. Frankryk was nog altyd vir my 'n droom. Toe my niggie vir my die epos-adres van 'n kunstenaar daar kry, het ek die geleentheid aangegryp! Hy het my uitgenooi om in sy studio te gaan werk! Vir my was dit 'n ongelooflike belewenis. Ek het sommer binne die eerste twee weke beseft ek wil B.A. (Visuele Kuns) gaan swot en binne twee weke my portefeulje daarvoor saamgestel. Ek het selfs al 'n week lank op my eie in Parys gebly ... met daai vreemde taal en confusing stratel 'n Mens leer so baie mense ken! 'n Gap-jaar is 'n ongelooflike ondervinding. Dis 'n uitstekende idee as jy onseker is oor presies wat jy wil doen dis soos praktiese navorsing daaroor!

die STUDENT SAAM!
Sarti

Ek was nog altyd mal oor Stellenbosch en het al van kleins af geweet dat ek daar wil gaan swot. Ek was ook van altyd af lief vir wiskunde en het in April van my matriekjaar besluit om aktuariële wetenskap te gaan swot. Ek was by 'n voorligter en het met aktuarisse en studente gesels - ek was seker dat dit is wat ek eendag wil word. Daarom was 'n gap-jaar nie regtig vir my 'n opsie nie. Dis 'n moeilike kursus, daarom is dit goed dat my skoolwiskunde en syfer-skills nog vars in my geheue is! Ek wou ook die momentum van skool hou en in die roetine van leer bly. Ek was so opgewonde oor my kursus en planne, ek wou dadelik gaan swot en daarnatoe begin werk! *


[Uit: *Finesse Meisie*: Des/Jan 08]

- 1.10 Lees weer die opskrif. Watter voorspelling ten opsigte van die inhoud van die teks kan jy hieruit maak? (1)
- 1.11 "dit voel asof die lewe eers ná matriek begin –" (subopskrif). Is hierdie stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.12 Hoe verskil die swerwer van die student? (2)
- 1.13 Verduidelik wat "confusing strate" is. (1)
- 1.14 Waarom kan ons beweer dat Sarli nogal 'n intelligente wese is? (1)
- 1.15 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.
- Die begrip "momentum" in paragraaf 6 beteken ...
- A stukrag. (1)
- B onveranderlikheid.
- C realiteit.
- D betekenis. (1)
- 1.16 Watter woord in paragraaf 6 dui op 'n positiewe lewensbeskouing? (1)
- 1.17 Hoe voel jy oor die student se keuse? Motiveer kortliks? (1)


TEKS 3A

Ons doen reeds 54 jaar besigheid met Algoa Brick, hoofsaaklik omdat hulle kwaliteit produkte en uitstekende tegniese ondersteuning bied. Hulle goeie diens speel ook 'n groot rol en ons is trots op ons verbintenis met hulle.

Reg Chaney
Direkteur: Speyers Construction




Ngqura Brick (pty) Ltd trading as
ALGOABRICK
OVER 60 YEARS OF QUALITY AND SERVICE



Die meerderheid bouers in die Oos-kaap verkies Algoa Brick. Vir verskeie redes, insluitend, betroubare diens, duursaamheid, termiese geleiding en die hope ontwerpstyle wat dit bied. Maak seker dat jou mees waardevolste bate gemaak is deur die langlewendste boumateriaal.

ALGOA BRICK (Pty) Ltd
TEL. 041 408 5600 FAKS. 041 408 5606
E-POS: sales@algoabrick.co.za
PO Box 2308, North End 6056

ALGOA BRICK – 'N LID VAN DIE KLEIBAKSTEENVERENIGING



[Uit: Leefstyl – bylaag tot *Die Burger*, 29 Oktober 2008]

- 1.18 Wat word geadverteer? (1)
- 1.19 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)
- 1.20 Haal 'n woordgroep van DRIE woorde aan wat die leser wil manipuleer om die plek te besoek. (1)
- 1.21 Waarom is hulle slagspreuk so effektief? (1)
- 1.22 Wat sou jy sê maak hulle produk uniek? (1)
- 1.23 Dink jy dis 'n geslaagde advertensie? Waarom sê jy so? (1)

EN

TEKS 3B



Sterk, duursaam & vuurbestand
Dit maak sin om jou geld in kleibakstene te belê

Kleibakstene is duursaam en tydloos en komplimenter die estetiese en funksionele behoeftes van enige gebou. Minimale instandhouding verseker dat jou stewige belegging die toets van tyd sal deurstaan.

DRING AAN OP BAKSTENE GEPRODUSEER DEUR 'N LID VAN DIE BAKSTEENVERENIGING.
TROUENS DIT IS JOU WAARBORG VAN KWALITEIT

Oos-Kaap Lede

African Bank	041 368 5697	Johnsons Stene	044 272 3160
Algoa Brick	041 408 55600	Kango Stene	044 272 3672
Allbrick	044 880 1189	Kurland Brick	044 534 8738
Assegaaibosch Stene	042 288 0462	Langkloof Steenwerke	042 295 1251
Brick & Clay East London	040 655 7415	Lloyd Brickworks	041 461 1408
Crammix Bricks	044 878 0191	Lukhanji Bricks	045 857 8800
Corobrik PE	041 372 1605	Makana Brick & Tile	046 636 11730
Corobrik East London	043 743 1117	Rheebok Stene	044 620 2276
Corobrik George	044 874 3271	Spitskop Stene	082 455 5374
Despatch Bricks	041 933 3970	Stutt Brick	040 636 3453
DW Stene	041 461 1546	Vantell Brick	044 533 9154
East London Bricks	043 732 1311	Valcano Bricks	045 838 1109
EP Bricks	041 466 2727		

tel +27 11 805 4206 | www.claybrick.org.za

Omgewingsvriendelik



- 1.24 Teks 3B is 'n ander maatskappy se advertensie vir dieselfde produk. Kyk na beide advertensies en dui die verskille ten opsigte van TWEE van die volgende aspekte aan: ontwerp, plasing en lettergrootte/lettertipe. (2)
- 1.25 Watter advertensie verkies jy? Motiveer jou antwoord. (2)


TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees onderstaande inligtingsartikel oor Christiaan Kritzinger. Voltooi daarna die breinkaart deur dit in jou ANTWOORDEBOEK oor te teken en die besonderhede in volsinne onder elke hofie neer te skryf. Jy mag in totaal nie meer as 80 woorde gebruik nie.

Christiaan



● Lesers sal dié energieke donkerkopsanger onthou as 'n voormalige *Idols*-finalis. Hy het intussen nie stilgesit nie en pas sy debuutalbum uitgereik. En dit is juis dié CD, *Alles werk uit*, se unieke klank wat jou laat besef dit is 'n naam om te onthou. Christiaan Kritzinger kom uit 'n baie musikale familie en het al voor skool begin sing.

“My ma, Elmien, vertel ek kon sing voordat ek kon praat. Ek was vyf jaar oud toe ek in die kerk al saam met die koor gesit en sing het, terwyl ek ook al perfek saam met die musiek kon harmoniseer.

“Ek het van kleins af geweet ek wil eendag sing, maar het toe probeer om veral op skool aan alles deel te neem. Ek was nou nie goed in sport nie, maar ek het altyd deelgeneem.”

Hy het vir die grap vir *Idols* ingeskryf en het die onwaarskynlikste liedjies gekies om te sing. En dit was juis dit wat hom gewild gemaak het en uiteindelik onder die top-10 laat eindig het.

“Ek beskou die hele *Idols*-ervaring as 'n *fake*, want dit wat die mense sien, is nie wat eintlik gebeur nie. Dit gaan net oor hoeveel mense die program kyk en dat dit vermaaklik moet wees vir die kykers.

“Ek is baie dankbaar dat ek die geleentheid gehad het om deel te neem, maar sal nie weer inskryf as ek die geleentheid kry nie. Ek wil nou my eie oorspronklike musiek by die mense uitkry en daarvoor onthou word.”


Hy beskou sy musiek as kontemporêre akoestiese rockmusiek en hy is op sy gelukkigste as hy voor mense kan optree.

“Ek respekteer mense wat hul werk goed doen en ek dink ons moet meer musiek met siel begin maak in dié land. Daar is werklik min kunstenaars wat besef dit is net so belangrik om goeie musiek te maak as om mense te vermaak,” sê hy op 'n vraag oor die stand van plaaslike musiek.

En hou gerus die internet dop, want eersdaags gaan sy album gratis afgelaai kan word. Dit vloei uit sy filosofie dat mense sal betaal om na sy konserte te gaan as hulle 'n CD verniet kan en sy musiek leer ken.

[Uit: *Tydskrif, Rapport*,
21 September 2008]

BREINKAART



TOTAAL AFDELING B: 10


AFDELING C: TAALKUNDE

VRAAG 3

Lees onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg:

Minibus-taxi's wiele van dood op SA paaie

1. Minibus-taxi's is betrokke in die meeste noodlottige padongelukke in die land, en dit lyk nie of die grootkoppe in dié bedryf besef wat die gevolge van wetteloosheid, spoed en roekelose bestuur is nie.
2. Meer as 5 000 van die sowat 12 000 mense wat elke jaar in meer as 94 700 ongelukke op Suid-Afrikaanse paaie sterf, was in minibus-ongelukke.
3. Dit is van die skoksyfers wat gister hier by die GrandWest-casinokompleks op die tweede internasionale konferensie oor die ondersoek na en rekonstruksie van padongelukke bekend gemaak is.
4. Mnr. Thami Manyati, hoof van die Wes-Kaapse departement van vervoer, het gesê Suid-Afrikaners het baie om op trots te wees, maar nie wanneer dit by padongelukke kom nie.
5. Die meeste voertuie in die land is private motors, maar die meeste Suid-Afrikaanse pendelaars gebruik elke dag minibus-taxi's as vervoermiddel.
6. Die minibus-taxibedryf dra inderdaad baie _____ die land se ekonomie by.
7. Dit lyk egter nie of die leiers, bestuurders en eienaars in die bedryf altyd die gevolge van roekelose bestuur besef nie.
8. Landwyd het die getal voertuie wat onpadwaardig en/of ongelisensieerd is in die jaar tot einde Maart 2008 met 142 194 tot 922 200 toegeneem.
9. Die getal wat onpadwaardig maar gelisensieerd is het terselfdertyd toegeneem.



10. Nog 'n probleem is dat te veel mense wat hulle aan ongelukke skuldig maak, vervolging vryspring – dikwels weens die gebrekkige insameling van inligting op ongelukstonele.
11. Verskeie stappe word egter nou _____ om dit te voorkom.
12. Die Padverkeer-bestuurskorporasie (RTMC) stel byvoorbeeld ondersoek in na die verskillende elemente wat tot ongelukke bydra, asook wat gedoen kan word om dit te voorkom.

- 3.1 Verklaar die opskrifgedeelte "wiele van dood" in jou eie woorde. (1)
- 3.2 Verduidelik wat die woord "noodlottige" in paragraaf 1 beteken. (1)
- 3.3 Verduidelik die denotasie en konnotasie van "grootkoppe" in paragraaf 1. (2)
- 3.4 Skryf die meervoudsvorm van "wetteloosheid" neer (paragraaf 1). (1)
- 3.5 Wat word die inwoners van die Wes-Kaap (paragraaf 4) genoem? Gee die persoonsnaam. (1)
- 3.6 Gebruik die homoniem van "hoof" (paragraaf 4) in 'n verklarende sin. (1)
- 3.7 Waarom word Suid-Afrikaanse (paragraaf 5) met 'n koppelteken geskryf? (1)
- 3.8 Wat verstaan jy onder die begrip "pendelaar"? (paragraaf 5) (1)
- 3.9 In paragraaf 6 is 'n voorsetsel per ongeluk uitgelaat. Skryf die korrekte voorsetsel neer. (1)
- 3.10 Gebruik die homofoon van "lyk" in paragraaf 7 in 'n verklarende sin. (1)
- 3.11 Skryf die verkleiningsvorm van "voertuie" in paragraaf 8 neer. (1)
- 3.12 Skryf paragraaf 9 neer en vul die ontbrekende leestekens in. (1)
- 3.13 Skryf die teenoorgestelde van "probleem" in paragraaf 10 neer. (1)
- 3.14 Skryf die korrekte idiomatiese werkwoord neer wat in paragraaf 11 uitgelaat is. (1)



INDIESE GENOT

Lus om hierdie jaar jou vrou se voete onder haar uit te slaan met eksotiese Indiese disse wat in 'n japtrap berei kan word? Wel dan moet jy dalk oorweeg om Rice, spice and all things nice aan te skaf. Die boek is 'n heerlike mengsel van pittige sê-goed, watertandlekker resepte wat maklik en meesterlik voorberei kan word en die mooiste foto's en voorsit-idees waaraan jy maar kan dink. Dis bekende sjef, Reza Mahammad se debuut-kookboek.

Vir meer inligting, skakel anneke by 021-797 4500

OEFENSESSIE IN JOU EIE HUIS

Wil jy fiks word en winterwet laat wegsmeel, maar jy is te besig om by die gim uit te kom? Kry dan vir jou Tevo se Lateral Thigh Trainer. Hierdie masjien gee jou 'n volledige workout en al wat jy moet doen is stap! Die toestel werk met rotasiebeweging wat die drukking op jou gewrigte verminder en jou spiere op verskillende hoeke vorm en versterk. Jy kry verder ook 'n gratis oefenvideo om jou te help om aan die gang te kom. Beskikbaar by GAME, MAKRO en WINKELS teen




- 3.15 Verduidelik wanneer 'n mens iemand "se voete onder hulle uitslaan". (1)
- 3.16 Wanneer word iets in 'n japtrap gedoen? (1)
- 3.17 Lei 'n persoonsnaam af van debuut. (1)
- 3.18 Herskryf die onderstreepte gedeelte, maar begin met " 'n volledige workout" (1)
- 3.19 Word die werkwoord "kry" in die laaste sin oorganklik of onoorganklik gebruik? Motiveer kortliks. (1)
- 3.20 Skryf die intensiewe vorm van "bekende" neer. (1)



[Uit: *Die Burger*, 28 Oktober 2008]

- 3.21 Waarvoor staan die afkorting LUR? (1)
- 3.22 Verduidelik die toonaard van die pa se woorde. (1)
- 3.23 Watter insinuasie word deur die muis gemaak? (1)
- 3.24 Hoe noem ons iemand wat in matriek is? (1)
- 3.25 Wat is die stam van leierskap? (1)



[Uit: Tydskrif: Rapport, 21 September 2008]

- 3.26 Skryf die eerste sin in raam 1 oor in die ontkennde vorm. (1)
- 3.27 Verduidelik hoe klankverspringing en ontronding 'n rol speel in die laaste raampie. (2)

ONS MOTIVEER U APLIKASIE EN ONDERHANDEL RENTE KOERSE VANAF 2.5% ONDER PRIMA MET ABSA, NEDBANK, STANDARD BANK EN FNB

- ✓ SKULD KONSOLIDASIE
- ✓ VERBETERINGS
- ✓ FINANSIELE VRYHEID

[Uit: info@4ufinance.co.za]

- 3.28 Verbeter enige 1 van die 3 spelfoute wat ons hier aantref. (1)

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70